

en sy het dadelik haar boetie se hand gegryp. „Ons moet loop, Willie“, het sy sommer gesê.

Ek was op die oomblik besig met die geweer en het nie na die kinders gekyk nie. Toe ek weer wou skiet, kyk ek op en sien geeneen van hulle nie. Altwee was spoorloos verdwyn. Ek was so verbouereerd dat ek na elke wa geloop het en gekyk of hulle nie miskien wegkruipertjie met my speel nie, maar nêrens was daar iets van hulle te sien nie. En om my was die leë vlakke van die veld, met die bult 'n half-myl veraf. En van die kinders was niks te sien nie.

Toe die Kaffers by my kom, het ek hulle gevra of daar ander mense uitgespan was in die buurte. Nee, daar was niemand nie. Of hulle die kinders gesien het. Nee, daar was geen witmense in die buurte nie; die naaste was twaalf myl ver op 'n plaas.

En eers later het ek verneem dat op die uitspanplek waar ek gestaan het die middag, daar dertig jaar tevore 'n moord gepleeg was deur die Soeloes. Hulle het 'n klein klompie van ons mense oorweldig, en man en muis vermoor. En onder die vermoorde was 'n famielie waarvan die vrou dood was en die twee weeskinders deur haar skoonsuster opgevoed was. Nou wonder ek of . . . maar dit sal jy beter vir my kan verklaar, want julle jongmense weet mos teenswoordig van alles. Ek vertel jou maar wat met my gebeur het.

Uit „Die Huisgenoot”

10. E. DE ROUBAIX (1894)

MIDDELE VAN DIE ALBESTIERDER

Toe die son die dag ondergegaan het, het oom Dries weer teen die berg opgeklim en toe met vreugde gesien dat daar op die onvergeetlike koppie ook 'n vuurtjie brand! Dit was nog 'n verrukkender boodskap vir die ouers.

Maar hulle hoop was tog geming met benoudheid, as soiets moontlik is, want die rivier het nog altyd hoër en hoër gerys.

Eers die volgende dag, in die namiddag, het die rivier 'n seker merk bereik, wat ou Grootrivier sedert 1888 nooit weer bereik het nie. En hierdie merk word vandag nog onder die ou aartsvaders van Boesmanland die hoogwatermerk genoem.

Van die derde dag aan af het die rivier eers 'n weinig begin te sak. Tog moes nog ses dae verstryk eer outa Oliepot, 'n ou skaapwagter van oom Dries, en wat die beste swemmer daar rond was, dit wou waag om hom na die koppie, waar die bekende tekens nog steeds te bemerk was, te begewe.

Die ou skepsel het 'n dik droë wilgerhoutblok uitgekies, op vier voet lengte afgekap en 'n houtpen omtrent 'n voet van die dikste end van die

blok af ingeslaan. „Kleinbaas Driesie“ sê outa Oliepot, „hy moet met hy se bors op die blok lê rus en met hy se hand die pen lê vashou en dan, ekke wat Oolpot is, hom lê pambeer deurswem.“

Huiwerend het die ouers toe weer langs die rivier gaan staan om op outa Oliepot se terugkoms te wag. Die strome was nog baie breed en gevaarlik en derhalwe was die ouers beangs dat „miskien nou net juis vandag die dag kan wees waarop Driesie sy lewe moet verloor“. Dit was later ook vir hulle onuithoubaar om nog langer langs die rivier te wag, te luister en angstig te loer of hulle dan tog nie al iets kon hoor of sien kom nie. Maar net toe oom Dries dan maar eers gou weer na die kop wou hardloop, slaak tant Annie die vreugdekreet: „Daar, daar kom hulle!“ en sak toe glad oorstelp op die grond neer.

Gou egter was sy in staat om Driesie aan die bors te druk. „Ag, Moe-dertjie, my Mametjie, dan is ek tog bly!“ roep haar kind verruk uit. Toe gryp hulle mekaar in een lang omhelsing. Niemand kon verder iets sê nie. Outa Oliepot wou darem iets vertel, al was dit net om ook uiting te gee aan sy vreugde oor die redding van die Kleinbaas, maar niemand kon nog na die ou skepsel luister nie. Toe staan en wys hy maar sy stel groot, wit tande van blydschap en innerlike genot.

Lank daarna kon tant Annie eers deur lekker warm trane vra: „Hoe voel jy tog? Is jy baie honger? Siek?“

Driesie lag en antwoord: „Honger, my Mametjie, ja; maar die Va-dertjie het tog so baie gehelp.“

„Vertel nou alles, my kind“, sê oom Dries.

„Het Pa die nag, wat die rivier afgekom het, geskiet?“ vra Driesie daarop.

„Ja, ja!“ antwoord oom Dries en tant Annie.

„Nou sien Pa en Ma“, sê Driesie, „dan was dit ook nie anders nie; die skote het my seker gewaarsku, want ek het die nag uit 'n lekker slaap skielik wakker geskrik en toe was dit al vir my of ek hoor sommer so'n gedruis rondom my en toe spring ek op en kyk, kyk, en toe ek vir my kon kry, gewaar ek orals net water, water. En toe skrik ek my morsdood, maar hardloop sommer na my trop bokke toe om gou met hulle te vlug, ek weet toe nog self nie waarnatoe nie. Maar toe sien ek later dit sal alles niks help nie. Toe kry ek die gedagte ek moet maar my lewe probeer red. En toe gaan gryp ek my sakkie meel, vat my kooigoedjie en my ou baadjie en sit sommer af, die dik bosbome in — ek het self nie geweet waarnatoe nie. Maar ek moes lelik sukkel om nie stukkend gestamp en geskeur te word in die donker bos nie; gelukkig kry ek toe onder al die gesukkel die gedagte aan die klipkoppie, waar ek net die dag vantevore nog skoon sandsuikerheuning uitgehaal het. En gou was ek in die voetpaadjie, koppie-toe. En sien, Pa en Ma, daar op die koppie het ek darem baie bang dae en nagte deurgebring. My

vuurhoutjies en ou sakspieëltjie was in my ou baadjiesakke. Ek kon tog toe vuur maak en later met behulp van my ou spieëltjie na Pa en Ma ligmaak, daar na die ou groot kop toe; het Pa en Ma my liggies gesien?"

„Ja, ja“, antwoord die ouers weer tegelyk.

„Nou sien Pa en Ma“, vervolg Driesie weer, „daar het ek al die dae van ou askoekies gelewe. Ons bokke moet glo almal af, weg — met die vreeslike waters saam wees. Maar ek was al amper mal geword. Dit was tog so naar daar tussen dood en lewe. My meeltjies was ook al nou op. As Pa darem nie die nag geskiet het nie, ... as ek nie die vuur en die meeltjies gehad het nie ... as outa Oliepot nie vandag al kon gekom het nie ... dan, ek weet nie so wat darem dan van my moes geword het nie, want ...“

„Ja, my kind“, val oom Dries hom hier in die rede, „maar onthou, alles wat jy daar nou opgenoem het, is slegs middele van die genadige Albestierder wat Hy gebruik het om jou lewe te red en heeltemal ongedeerd aan ons weer terug te skink“.

„Ja, dis waarlik middele van die Albestierder“, stem tant Annie hier van harte in.

Uit “Boesmanlandse Sketse en Verhale”
(Verl. van Schaik, Pretoria)

II. A. A. PIENAAR (SANGIRO) (1894)

KOORS

Die kwartsriwwe van die Usambaragebergtes weerkaats die moordende strale van die ekwatorson. Oor die laeveld hang koorsige verstikkende blou wasems. Vreemde kaktussoorte en giftige insekte broei hier uit, en oor die versmagtende plantegroei van die dorre sandveld heers die donker gestalte van die naboom.

In eindelose gramadoelas, tussen die somber nabome, wat in swaar massas die lae rante kroon of enkeld in die laagtes en slote versprei staan, slinger die stowwige karavaanpaadjie deur.

Die son het toegeneem aan geweld. Selfs die dik vlesige litte van die naboom het slap en verwelk gehang; waar 'n boom omgekap word om die weg te open, het dik taaiërige melk uitgetap en in die son geborrel soos 'n giftige hekskooksel. Groot swart spinnekoppe het bewegingsloos tussen die gekartelde litte gehang, of langsaam met klawerige harige pote hulle noodlottige drade geweef. Urelank het hulle uit donker hoeke soos 'n swart noodlot op die blinkende weefsel in die sonskyn gestaar. Gonsende kleurige insekte het deur die middaghitte gedreun. Af en toe worstel een skielik in die bedrieglike blink gaas, 'n swart medusakop skiet uit die skaduwee op hom toe, 'n ontasbare mistigheid trek oor hom en benewel sy kragte. 'n Ligte trilling van lewe in die onheilsboom, maar dit is alleen die sug wat 'n lewe eindig, want giftig is die naboom en hy haat die lewe.

Snags staan die grillerige swart silhoeëtte van die nabome teen die lug, en op die hoogste toppe sit narok-kong die „Swartoog“, en sy vreemde grieselige skreeue val eentonig en sonder end, afgemeet asof hy meedoënloos die verbygaan van elke sekonde van die nag wil aankondig. Hy pas goed by die naargeestige vorme en die nagtelike stemming van die boom, en hy is die enigste voël wat die naboom liefhet. Narok-kong noem die Ol-Masai hom, om sy onheilvolle swart oë, wat star in die nag uitkyk, asof die gewone belange van die lewe hom nie aangaan nie. Sy krete is kort afgeskeur en ril deur die donker met 'n hoë, musikale en oneindig melankoliese klank, en die hele nag deur is die noot onveranderlik, meedoënloos onveranderlik en tot in die oneindigheid herhaal. Bewaar die arme menslike slagoffer van die laeveld wat veroordeel is om wakend die sekondes van die nag met hierdie fatale begeleiding te tel en die oë op die fronsende swart gedaantes van die duisternis te hou!

Wanneer hy lank genoeg op die een boom gesit het, vlieg hy naar die volgende, en 'n ander voël neem sy plek in. Deur die lang ure van die drukkende nag antwoord die krete mekaar, altyd klaagliker en moedeloos vir die menslike oor, en hou eers met die eerste lig op. Wanneer eet hulle — waarvan leef narok-kong? word aan 'n gerimpelde grys nomade, 'n wyse in die weë van die woestyn, gevra. Die antwoord is altyd dieselfde: „Dit weet niemand nie, hy is 'n voël van die nag“.

Maar klein Dolfie lê al twee dae in die tent. Hy word deur dors en waanvoorstellings gekwel en rol rusteloos heen en weer op sy bed. As die middaghitte kom en die arms van die naboom skille figure op die dak van die tentjie gooi, begin sy gedagtes in die rondte te yl en op sonderlinge weë te wandel. Maar sy liggaam is loodswaar en weier om die gedagtes te volg by die deur uit, naar die koelte van die karee- en wilger-bome wat hulle in die verte sien. Hy probeer om te redeneer met hierdie twee gedeeltes van hom wat dood is, en as plotseling die gevoellose liggaam in 'n ander persoon verander, smee hy hom om hom naar die bome te laat gaan. Want daar is water, dit weet hy, yskoue water en donker varingslote waar die groot blink druppels langs die groen moswande afpêrel en met musikale geluidjies in die diep sekelgate val. Hy hyg daarna om soos 'n erdwurm sy gloeiende gesig in die koel modder te druk, tussen die sappige wortels van die biesies en palmiet waar die fonteintjie vloei en hulle die wurms uitgegrawe het om kurpers en silwervisse mee te vang. En, O! die duik van blanke kinderliggame deur glashelder water naar die diepte van skoongespoelde dryfsand, waar die blinkeskubde bewoners verstrik uitmekaarspat en onder die skaduwee van die walle skuiling soek!

Daar moet hy heen. Waarom moet hulle hom hier vashou? Dan word hy ongeduldig en ruk homself met geweld orent in die bed. Die visioen van groen bome verdwyn en in die tent is niemand nie. In-

plaas daarvan begin sy oë nou groot te staar naar die droë takke en arms wat om die stam van die naboom voor die tentdeur opgehoop lê. Toe die kinders die plek op die vorige dag vir die tent reggemaak het, is een van hulle daar deur 'n skerpioen gesteeke geword. Die droë, van hitte kromgetrekte litte van die naboom is in die lug gekrul en skyn mat naar iets te voel. Nou beweeg hulle naar hom toe, maar hulle tas oneindig langsaam voorwaarts.

Dolf se oë brand koorsig, maar hy durf hulle nie sluit nie, want hy het skielik die oorsprong van die beweging ontdek: die doringlitte is bedek met 'n menigte kruipende skerpioene wat oormekaar klim en krioel dat sy brein verbyster raak om daarna te kyk. Van 'n gewonde tak bokant drup langsaam groot druppels taai wit melk op die droë litte en op die skerpioene, maar soos hulle val word hulle pikswart, en hierdie swart kolle skyn tegelykertyd duister vlekke op sy brein te gooi. Hulle dans voor sy oë en laat hom die skerpioene nie meer goed sien nie.

Met 'n wanhopige inspanning van sy afgematte liggaam wend hy hom af van die walglike diere en wil by die ander deur uitvlug. Maar sy hoof val dof en swaar terug op die kussing, en vir 'n lang tyd klop die dik warm bloed soos gesmelte lood teen sy geslote ooglede.

Plotseling is dit of die band wat soos staal om sy slape pers en hom aan die bed gekluister hou, aan stukke spring. Groot druppels sweet breek op sy voorhoof uit, en met 'n mat-koel gevoel word sy hele liggaam soos in 'n weldadige bad opgelos.

Dolf voel homself sink . . . diep, diep wegsink . . . Dan weet hy meteens dat hy geduik het, deur glashelder water, die koel water van die sekelgat waar die snyruigte sy skaduwee oor gooi. Af . . . af . . . tot onder op die dryfsand, en as hy begin beangs word, merk hy tot sy verwondering dat hy hier kan asemhaal. Maar hoe hy ook al smag, geen druppel wil oor sy droë lippe nie, en as hy behoedsaam begin rondtas, gly sy vingers oral van die versteende water af wat hom aan alle kante soos glasmure insluit. Nou merk hy dat die sand waarop hy kruip, droë woestynsand is, en dat die water bokant hom soos deurskynende kwartsiwwe hang waarin die sonstrale gebreek word. Soos dolkpunte steek hierdie skerp strale naar sy oë, wat hom genoodsaak om hulle vaster te sluit en moeilik in die sandskemering verder te kruip. Dit kom hom voor of hy rond dwaal in 'n eindelose verskroeide landskap, waar die bome blaarloos is en die hitteduiseling om sy ore dreun. Hierdie gedreun word 'n wilde ritme, 'n gedans wat hom om en om sleep, tot hy die omtrekke van 'n verlate dorsvloer in die veld herken en die woeste maat van Kaffer-voete in sy ore hoor slaan. Dit was 'n toneel wat hy eenkeer bygewoon en wat 'n stemming nagelaat het wat sy fantasie uit die vroegste kinderjare beheers het, hierdie musiek tot 'n hoogte van intensiteit gevoer waar dit klankloos word en die lug laat pols met die ritmiese bewegings

en wilde uitstraling van verhitte swart liggame. Deur sy gedagtes rol vurige sirkels, hy voel homself oorrompel en meegesleep in die wilde rondedans, in sy ore suis die lied van 'n sonbesie . . .

As Dolf weer sy oë oopmaak, sien hy die naakte kwartsriwwe van die Usambaraberge bokant flikker, en deur die donker grillerige naboomtakke oor sy tent skiet die son fyn dolkstrale wat aan sy ooghare bly hang en blink weefsels vleg. In die middel hang die groot swart son self wat die hele landskap verdonker. Die lug staan in swaweldamp, die horison word vaag, en dreigende boomgestaltes dring hulle daar saam soos verskrikte diere. Dit kom hom voor of dit nag is, en deur die angstige stilte ril die droewe geskreeu van narok-kong. Sonderling roer hom die stem, soos iets welbekends, vol kwaalvolle en treurige herinnerings, asof dit uit die diepste van sy eie hulpeloosheid opstyg maar in sy kop is 'n pynlike leegte wat geen gedagte vaste gestalte laat kry nie. Nogtans wend hy vertwyfelde pogings aan om sy gedagtes in die donker vol van veraf geruise en vormlose gevare, op hierdie bekende, illusievolle geluid te vestig, asof die raaisel van narok-kong se bestaan hom in 'n ander lewe reeds gekwel het. Met rukkies is dit of die geroep oor bodemlose afgronde, uit onmeetlike ruimtes naar hom kom, dan weer yl die grillerige krete soos roei dwaalliggies deur die donker.

Dolf voel of hy die klaende geskreeu volg deur 'n verlate veld met donker nabome en of dit altyd swakker en moedeloser op hom indring, soos die hulpelose gesnik van 'n angstige kind. Nou was dit digby . . . maar daar besluip hom die angskind vir die onvatbare iets wat in die donker van die bosse skuil en snags die menslike fantasie oorweldig. Hy wil nie verder nie, span al sy kragte in om hom te verset, maar voel met rillende vrees hoe hy die grond onder hom verloor en magteloos daarheensweef, 'n onbekende, dreigende iets tegemoet, wat hom sterker aantrek hoe meer hy trag om daaraan te ontsnap. Plotseling sien hy die donker omtrekke, die grillerige spinnekoplitte van die naboom weer die bokant sy gesig, en tussen die litte, glinsterend soos in maanlig, die blink weefsel waarin narok-kong hang en sy lewe uithyg. Hy skyn alleen nog sy vlerke mat met die swak polsslag van sy asem te kan beweeg, en met toeneemende beklemming wag Dolf daarop dat die swart spinnekop sal te voorskyn kom om sy buit te verslind. Naamlose angskind omvat hom. Sy gedagtes tas langsaam soos deur 'n digte newel. Hy wil sy hand uitstrek om die sterwende voël te red, maar 'n verlamme angskind en swakheid maak hom magteloos. Trane van hulpeloosheid stroom oor sy wange, want nou was dit nie meer narok-kong nie maar hyself wat gevange hang in die klewerige blink gaas en swak met sy hande roer en vrugteloos die onheil probeer afstoot wat soos 'n digte ontasbare iets op hom aandring. Nou weet hy dat dit kom . . . Al die verskrikkinge van die nag vind gestalte in die swart ding wat op hom aankruip om sy bloed uit te

suig. Hy onderskei nog soos deur 'n rooi mistigheid die uitgestrekte arms, die kromgetrekte vlesige litte wat langsaam oor hom heenbuig. Maar dit was geen naboom meer nie — dit was 'n swart monster met klewerige harige pote, onvatbaar groot, en sy asem is soos 'n gesuis deur die ruimte . . . Dolf probeer nog om met 'n laaste benoude skreeu los te ruk, maar geen geluid kom deur sy toegesnoerde keel nie. Dan slaan sy hand wild uit, 'n gerinkel van brekende glas dring soos van veraf tot sy gehoor, en hy voel hoe hy naar benede deur yskoue afgronde val . . .

Uit "Die Nuwe Brandwag"

12. JOCHEM VAN BRUGGEN (1881)

OU-JAKOB SE DOOD

Toe breek die onweer los met 'n skielike geweld, waarin die hardste dreunings verlore raak. Die stormwind het onkeerbaar op die plaas losgetrek, die reën val soos bokhael op die aarde en in die magtige druis vervloei die donder se geraas. Roerloos sit die huisgenote met Ampie in die agterhuis vol ontsag en eerbied, vrees ook vir die mag waarmee die Almag hom laat ken, vir die Almag, wat die stikduister wêreld vir een oomblik oogverblindend belig en tegelyk met een geweldige donderslag laat sidder. Die duister is intenser en dit skyn asof die stormgeraas en reëngekletter effens verswak het vir die donderslag. — 'n Skrik ruk al die lede van die huisgesin uit verband uit. Booyesen staan op en die kleintjies skuif van die bank af, na hulle moeder toe, wat hulle teen haar lyf vasdruk. Grieta Booyesen praat met senuskokkies in haar stem: „O Ma, die slag was seker langs ons huis!“

Ampie sit soos een verdoof deur sterk drank. Sy oë wyd van angs, volg net vir Booyesen, wat na die kombuis toe stap. „Die weer is soos 'n oordeelsdag, kinders! — Die slag het neergeslaan, en baie naby ook!“ sê Booyesen. „Ons moet maar wakker bly tot die weer verby is.“

„Sou die slag nie van ons beste doodgemaak het nie?“ vra Grieta Booyesen luid vir die tweede keer.

„Bes moontlik, Grieta; en as dit God behaag het, moet ons tevrede wees!“

Die woorde word skreeuerig geuiter en herhaal om verstaan te word. — Na enkele minute is die huisgesin met Ampie weer stil eerbiedig om die tafel. Toe die weer verby getrek het, staan Booyesen met Ampie op die stoep. Die kraal se beste is nog almal. Booyesen voel gerus. Die vraag van Grieta het hom gekwel.

„Dit was 'n waterspoeling, Ampie. Hoor die spruit“, sê Booyesen. „As die waters so afkom, kan g'n mag ter wêreld hulle keer nie!“

„Water is nes 'n sprinkaan, Omie. G'n vuur keer hom nie, waar hy wil loop, daar loop hy“, sê Ampie sonder enige emosie, baie ernstig. —

Die volle maan giet sy lig oor die aarde, en die stil benoudheid van die atmosfeer is weg gewaai, maar in Ampie se boesem het die voorgevoel gebly, wat hom gekwel het met 'n bang onsekerheid. Die lug is reeds vol groot los wolke, wat stadig drywe na die maan se kant toe . . .

„Dit was 'n kwaai slag, Ampie! Ek wonder waar hy neergekom het!“

„Die slag het doodgemaak, Omie!“ . . .

En die gedagte het nou sekerheid vir hom geword. — Die huisgenote slaap al lankal, maar Ampie vind op sy kombers, in Booysen se kombuis g'n rus nie. — Hy wonder of die weer nie altemit vir Annekie getref het nie . . . Iets het die slag geraak, en iets van hom! Hy voel hier binne in sy hartslag, dat hy iets verloor het. Die heeldag deur het hy gevoel, dat iets verskrikliks gaan gebeur. Nou weet hy dit. — Of sou die weer ou-Jakob dalk getref het? . . . „Ag Here nee, dan lieverste vir Annekie! . . . Ag, liewe Heer nee, spaar ons tog aldrie same asseblief!“, sug sy wanhopige sielsuiting en hy verkeer in 'n spanning onhoudbaar. Dis Annekie of ou-Jakob! Hy kan hom nie daarvan los dink nie, en vasbesluit begeef hy hom na buite. Toe sluip hy in die maanlig oor die werf, na die kamp waarin ou-Jakob altoos wei, na die doringboom, waaronder hy ou-Jakob vanmôre nog gekry het, al rusloser, al banger vir die sekerheid, wat hom daar wag. — En toe hy by die lewenlose donkieliggaam staan, bars die benoude roep sy longe uit: „Ou-Jakob, my ou-maat!“ en hy werp hom op die grond langs die dooie esel . . .

Die maan se lig verdof en al die jong wolke, wat so vinnig bo deur die lug sweef, kleur die môre met 'n rand van karmosyn, en endloos blou is die suiwer hemel bo die wolke. Die aarde juig omdat daar nuwe lewe is, en die veld so groen. Die dag dans deur die lug met tintelende strale, as die son bo die kom verrys. — Die beeste woel om uit te breek uit die papmorsige kraal, en oom Kasper soek vir Ampie. Hy kry die maats roerloos lê naby die doringboom en weemoed maak hom stom. — Die wondervolle liefde tref hom in sy siel, en dis of hy iets heiligs aanraak, toe hy die seun wil wakker skud. Sy stem klink hees van aandoening:

„Ampie! . . . Ampie! . . .“

Die liggaam beur hom stadig orent, en verwilderd, asof uit 'n benoude slaap ontwaak, kyk twee oë hom vreemd aan.

„Ampie ou-seun, kom jong, staan op!“

„Ja, oom Kasper!“ antwoord Ampie dof.

Booyesen help hom op.

„Die weer het vir ou-Jakob doodgeslaan, nè?“

„Oom Kasper, is ou-Jakob dan dood?“ vra hy soos een wat in 'n droom gehinder word . . .

Uit “Ampie”, Deel. I
(Verl. Swets & Zeitlinger, Amsterdam)

13. S. BRUWER OP PALMIETFONTEIN

'n Warm wind kraak vanmiddag deur die dorre takke van die blougombome en skroei die paar stoepblommetjies wat tant Hessie met soveel sorg nog aan die lewe gehou het. Die son steek asof hy hom wil wreek op mens en dier, en skroeiende dampe wat uit die aarde dansend opwel, laat selfs die Kaffers, wat op die werf werk, hulle beswete neuse hoog hou.

Die dam, wat nog pal in droë tye die redding vir plant en dier ge-wees het, is leeg, en die ou wilgerboom se druipende takke is, so ver die beeste kan bykom, stomp afgevreet, die tortelduifie wat saans sy maatjie met sy bekoorlike koe-ker-doe! koe-ker-doe! gepaai het, word nou selde gehoor; en doodstil is die menigte skemerstemmetjies waarmee die naderende nag gewoonlik begroet word. Die vrugtebome se blare hang uitgedor, en die enkele vrugtetjies wat daaraan sit, is swart en inmekaar gekrimp; selfs die fluitjiesriet se helder groen het verdwyn, en die vroeër vrolike rumoer van die vinkies het aanmerklik bedaar; die enigste kleur wat 'n mens nou en dan op die dorre werf kan bemark, is die vitrioelblou van koggelmanders as hulle op die klippe uitkom om in die son te gaap.

In dompe wanhoop staan die skape in troppe bymekaar op die veld, omdat daar vir hulle niks is om te vreet nie. So ver die oog kan sien, is dit swart, en dans die hitte sigbaar seëvierend oor die dorre aarde. Hier en daar lê 'n skaap dood of die dood en afwag. Die beeste se heup-bene wys bokant hulle rûe uit, en die vel wat oor die geraamte gespan is, is op kolle kaal en skurf. 'n Paar herkou nog aan die bietjie lusern wat oor Gerrie saans vir hulle laat gooi, dog die meeste van hulle staan maar net strak voor hulle uit met hulle groot, weemoedig-peinsende oë, magteloos van die hitte en die honger. Nou en dan seil daar 'n swart skaduwee voor hulle op die grond verby. Die diere weet dat dit die skaduweebeeld van aasvoëls is wat in die lug oor hulle prooi heen swerf om die dood dop te hou — daarom bly hulle op die been so lank dit enigsins moontlik is. Gunter teen die hang van die klipkoppie draai sowat twintig van de onheilspellende voëls oor een ongelukkige ou perd wat die oomblik net sy laaste asem uitgeblaas het.

'n Dun straaltjie water loop uit die pyp wat van die windpomp in die sementdam lei, en saans, as die skape uit die veld na die kraal terugkom en met wanhopige geblêr reguit peil na die straaltjie, begewe oom Gerrie se gemoed hom.

Tant Hessie, wat in die laaste tyd baie mankoliekig is, loop met behulp van 'n kiere na die seepot waar ai Griet in die koelte van die stal besig is met seepkook.

„Hoe lyk dit hier, Aia?“ vra sy, en sy neem die lang houtspaan uit die aia se hand om 'n paar keer die borrelende mengsel om te roer.

„My Nooi, dis baie warm“, kla die ou skepsel.

.....
„Wie weet, Aia“, sê tant Hessie mismoedig, „maar die weer steek elke middag so mooi op en dan verdwyn dit maar weer. Kyk tog, Aia!“ gaan tant Hessie 'n bietjie meer geesdriftig voort, en sy wys met die spaan, wat sy langs die kante van die pot skoongeskraap het, „kyk, net die dik bank wolke daar in die weste: dié wind gaan nog vir ons reën uitwaai. Kyk, Aia!“ sê tant Hessie opgewonde, „kyk net 'n bietjie hoe die weerlig daardeur speel! Die oubaas se hart klop seker nou weer bly.“ Sy laat haar arm sak asof sy bang is om haarself verder illusies te maak, skep 'n spaanvol seepmengsel op en laat dit stadig weer afdrup. „Nog omtrent tien minute laat kook, Aia“, en sy laat die spaan teen die rand van die pot val.

Ai Griet, wat teen die muur met haar bene lank voor haar uitgereksit, staan op, stapel nog weer 'n kring miskoeke om die groot pot en begin dan maar weer geduldig om en om te roer.

„Ja, Aia“, kla tant Hessie onderwyl sy stadigaan weer aanstap huis-toe, „verlede jaar dié tyd het ons nog vrugte gedroog en asyn gemaak; nou kook ons seep“.

Toe tant Hessie by die kombuisdeur intrap, gooi sy haar hoed — 'n oue van oom Gerrie wat sy altyd op die werf gedra het — op die tafel neer en sê vir die meid wat besig was om die vieruur-koffiekoppies te was: „Waarom is die huis dan so benoud, Miena? Maak die vensters en deure tog oop, sodat die wind maar kan deurwaai“.

„Maar, Ounooi“, antwoord Miena, „dis die wind watte die huis so warm maak“.

„Maak oop, Miena, maak oop; dis te bedompig hier“, en tant Hessie loop deur die voorhuis na die klein slaapkamertjie en gaan op die bed — Lena haar bed — lê, want die drukkende hitte het haar lam en lusteloos laat voel.

.....
Op die bed lê sy en rondkyk, en haar gedagte dwaal terug na die aand toe Lena gebore is, een-en-twintig jaar gelede; en die bloed bruis weer warm deur haar are as sy dink aan haar vreugde toe die klein, wit bondeltjie in haar arms gelê word, en sy 'n sagte soen, vol moederliefde, op die lokkende lippies druk. Toe, weer, een dag het sy 'n klein, wit tandjie wat onverwags deur die vleis gekruip het, ontdek; en later, weer, was die eerste woordjie wat Lena so bekoorlik kon lispel: „Mamma!“ Haar eerste voetstappies het sy in hierdie kamer gegee en die eerste ou skoentjies, met 'n groot gat op elke groottoontjie, lê nog in daardie kaslaai sorgvuldig weggebêre.

.....

Sy slaak 'n diepe sug, haar asem kom in kort, vinnige stote en haar hart klop geweldig. Die verdriet in haar bors swel — sy durf haar verbeelding nie verder voer nie; maar dit moet, dit kan nie anders nie! Die onvergeetlike oggend, haar sielesmart toe Lena se briefie aan haar voorgelees is. „Ek, ek“, snik sy, „het haar met my wrede ongevoeligheid weggeja — ek, haar moeder!“

Dit word donker in die kamer, al hoe meer donker en bedruk. Die diep, swaar asemhaling van tant Hessie op die bed begelei die gestoei en gefluit van die wind, en meteens weergalm 'n angstig-benoude kreet deur die huis, en oom Gerrie, wat net die trappies by die voordeur opkom, hardloop in die rigting van die geluid. Toe hy in die kamer kom, was alles stil . . . Tant Hessie se siel het op die kreet gevlug.

* * *

Die son druk deur die donker wolk wat oor sy gesig geseil het, en gooi 'n straal op die sagte, gerimpelde gelaat waarop die trane nog nat glinster. Oom Gerrie staan stom en bewegingloos. Hy weet — hy kan nie verklaar hoe hy dit weet nie — dat sy vrou die ewige rus ingegaan is. Groot sweetdruppels vorm op sy voorkop, en sy hele liggaam, wat klam is met 'n koue sweet, begin te beef.

Op die vloer voor die bed lê 'n portret van Lena. Hy sidder, en 'n pynlikverwonge uitdrukking sluip oor sy gelaatstrekke; hy wil vorentoe — maar hy kan nie; sy bene is blykbaar net so roerloos soos sy verwilderde oë, wat so strak op sy vrou se liggaam rus. Hy gryp in sy hare met sy klam vingers. Stadigaan kom sy brein, wat deur die skok verlam was, weer tot werking, en bitter berou pak hom beet. Hy slinger vorentoe en val op sy knieë voor die bed neer met sy grys kop op sy vrou se bors. Koorsagtig klem hy haar vas. Hulle hele verlede flits deur sy worstelende siel. Stil lê hy daar tot die hand in syne koud en styf begin te word. 'n Afgryslike rilling spoed deur sy liggaam; bang skuif hy weg van die lewelose figuur op die bed en spring dan op sy voete.

'n Bulderende donderslag, gevolg deur veraf, dowwe dreunings, skud die aarde. Oom Gerrie vlug na die eetkamer en val in sy stoel by die bamboestafeltjie, sy kop in sy arms op die ou Bybel gerus. Groot druppels spat in die sand, en die heerlike reëngeur vervul die kamer.

Nou woel deur die ou man se brein net een martelende gedagte — 'n gedagte wat meer as eenmaal by hom opgekom het, maar wat hy nog pal met woeste geweld onderdruk het. Hy was te hard gewees! Hy het Lena skandelik gevoelloos behandel; hy het haar uit sy huis gedryf en haar moeder van pure hartseer laat wegkwyn; hy het sy vrou se dood veroorsaak!

Kalm, met die hulpelose kalmte wat gedwonge versoening met verdriet teweegbring, laat hy, vir die eerste maal vandat Lena uit hulle huis is, sy verbeelding los. Hy sien tant Hessie en Lena bymekaar, Lena

se blonde kop en haar sagte, donkerblou oë; hy hoor haar vrolike skaterlag! Sy gebalde vuiste word nog digter geklem as hy hom verbeel dat alles in die huis — die diensbodes, die meubels, selfs die Bybel, waarheen hy altyd in tyd van nood vlug, hom vyandig gesind is. Hy stoot die Boek onder sy kop weg, en die spiere van sy vroeër kragtige liggaam span al hoe stywer.

Deur die sleutelgat in treurende ooreenstemming met oom Gerrie se verdriet, kom die kwellende stem van die wind met 'n lank-uitgerekte geloei, wat in die hoogste tone sidderend uitklink en dan afgemat in die kamer wegsterf. Trapsgewyse verslap die ou man se spiere, en koue sweetdruppels meng — met warm trane.

Aanhoudend dreun die reën op die sinkdak, en borrelend spoel die water deur die geut vlak by die venster waar oom Gerrie sit.

Uit „Bodemvas” (Verl. Nas. Pers, Kaapstad)

14. C. M. VAN DEN HEEVER (1902)

UITDRAAIPAAIE

In Oom Rooi-Stefaans se huis is dit een deurmekaar-spul. Met trane in haar oë haal Tant Sarie die goedjies van die rakke af en pak hulle versigtig een-vir-een in 'n groot kas weg.

Wat haar man se plan is, weet sy nie, maar sy kan sien hy is baie beslis. Nadat sy bui bedaar het, het hy nie weer met haar gepraat nie, maar in die voordeur op die drempel gaan sit en die trekgoed van die donkies reggemaak. Sonder om sy kop op te tel, kyk sy oë vas op die els en riempie. Nou en dan pluk hy ongeduldig die tuig reg, maar anders is hy doodstil. Toe hy met die heelmakery klaar is, hang hy die tuie voor aan die veerwaentjie, en klop met 'n hamer hier en daar iets aan die rytuigie reg. Stilswyend pak hy die goedjies in, en net eenmaal het hy die stilte verbreek toe hy aan die Kaffer, Isak, gesê het hy moet die donkies gaan aankeer.

Warm vlam die son uit die wolklose hemel op hom neer, soos hy daar langs die waentjie sy werk doen. Wyd rondom bewe die vlaktes van die hittegolwe. Oor die rantjie, van die tuin se kant af, kom Maria naderhand moeg-moeg aangestap. Toe sy die wittent-wa voor die deur sien staan, kan sy nie bra uitmaak wat aangaan nie. Sy het nog nooit 'n gedagte gehad dat hulle ooit van die plaas af sou trek nie, alhoewel sy haar pa-hulle baie oor so 'n moontlikheid hoor praat het. Sy het die omgewing met 'n innige, kinderlike oorgawe lief en hou baie van Oom Gert en sy hele huisgesin. In die laaste tyd trek iets in Hansie haar aan. Anders as voorheen is sy skamerig as hul twee saam in 'n geselskap kom, en dan moet sy haar gewaarwordings so wat sy kan verberg. Die gevolg is dat sy sonder bedoeling aan Hansie allerlei aanstote gee, wat

hom baie seermaak. Sy weet nie of hy van haar hou nie, en sy is ook te skaam en teruggetrokke om iets van haar gevoelens aan hom te openbaar. Maar as sy alleen is, gaan vae droomgedagtes omtrent hom deur haar en 'n onbewuste verlange, wat elke dag sterker groei en deur die eensamheid gevoed word, bou fantastiese dinge in haar siel. In die môre as hy 'n end met haar saamstap skool-toe, en niemand hulle geselskap verstoor of inbreuk maak op hulle omgang nie, vervul 'n innige blydskap oor sy aanwesigheid haar hele wese.

Hoe nader sy na hulle huis toe gaan, hoe meer wonder sy wat aangaan. Sy sien hoe haar pa goed in die veerwaentjie pak, en hoe oor die bultjie, anderkant die huis, ou Isak met die donkies aangeslenter kom.

Toe sy by haar pa kom, vee sy die sweet van haar voorkop af en sê grappig: „Hoe lyk dit dan of Pa wil trek?“

Maar Oom Rooi-Stefaans antwoord niks. Sy hande vat 'n paar stene seep bewerig en bêre dit tussen die skaduwees binne in die wa.

Toe voel Maria instinkmatig dat daar groot fout is. Haastig stap sy die huis in en kry haar ma voor die leë rakke.

Sy is heeltemal uit die veld geslaan.

„Ma, wat gaan hier aan?“

Vir 'n oomblik maak Tant Sarie nog of sy 'n bottel vrugte afstof, maar toe bring sy haar voorskoot na haar oë en snik histories: „Ons moet trek, kind“.

Langs die rak leun sy en hou vir 'n rukkie die voorskoot voor haar oë.

Maria se gedagtes swerm vir 'n oomblik deurmekaar. Deur die skemering van onsekerhede gly die ligstraal in haar bewussyn dat hulle moet weggaan; dat sy die plaas wat sy liefhet, vergoed moet verlaat . . .

Angstig kyk sy haar ma aan. „Ma, wat het dan gebeur?“ en van opgewondenheid bewe haar stem.

Toe bars Tant Sarie heftig los, en die gevoelens wat heeldag in haar opgekrop gesit het, breek los in 'n stortbui van woorde: „Nee, ek het dit geweet. Die danige vriendskap was somar. Vanmôre was Maria nog ewe goed vir my, en nou moet Stefaans vertrap word of hy vuilgoed is. Maar eendag is eendag. Moenie sê fonteintjie ek sal nie weer uit jou drink nie. Die Here slaap nie. Vandag is ons dag, maar môre is hulle s'n!“ Die trane is weg uit Tant Sarie se oë en opgewonde pak sy die goedjies vinnig in die parafienkassie.

Langsaam skemer die volle waarheid van die toestand oor Maria se gedagtes. Haar pa is weggeja, en hulle gaan nog voor sononder trek. Skielik vul 'n diep jammerte vir haar ouers haar gemoed. So klein en verlate lyk hulle waar hulle die goed daar inpak. Innig voel sy vir hulle jammer, en iets sê vir haar dat 'n groot onreg aan hulle gedaan word, nie alleen deur Oom Gert nie, maar deur die lewe. Daar is mense wat nooit 'n stukkie werk doen nie, en hulle is skatryk, en haar ouers wat

swoeg van die môre tot die aand, bly brandarm, en word boonop soos volk weggeja. Waarheen moet hulle nou? Wat sal van haar geleerdheid word?

Sy gaan in die kamer, en daar begin sy huil of haar hart wil breek. 'n Donker moedeloosheid vee alle vooruitsigte weg, en hulploosheid en magteleloosheid slaan haar lam. Geen vaste gedagte omtrent 'n beter toekoms elders wil uit die verwarde halfgedagtes kristalliseer nie, en 'n onbewuste gevoel van groot, dreigende onheil oorskadu haar jeugdige meisieshart met vrees. En heel skielik haat sy Oom Gert en sy famielie bitter. Sy wil weg van die plaas af. Die dierbare dings verloor vir 'n oomblik hulle aanloklike bekoring en sy haat Hansie saam met die omgewing vir die oomblik . . .

Toe die huisie al 'n breë strook skaduwee langs sy kant het, stuur Oom Rooi-Stefaans die klein Kaffertjie, Fielman, oor die bult met die klompie vee en beduie aan hom dat hy al langs die grootpad moet loop.

Teen die middag vieruur is al die goedjies op die wa, en die leë huis laat die voetstappe en stemme daarin geheimsinnig, hol, en spookagtig klink. Die kaal mure, die leë es, die afwesigheid van huisraadjes oral, gee nou 'n onvriendelike voorkoms aan die woning, en net waar Oom Rooi-Stefaans kyk, sien hy in sy onthutste verbeelding die dreigende vinger van Oom Gert, en in alles ontdek hy sy kleinheid en voel hy hoe iets hom wegja, weg die onbekende wêreld in.

Die donkies is eindelik in die wa gespan, en Tant Sarie en Maria stap vooruit om nog verlaas te gaan groet. Nee, soos heidens wil hulle nie weggaan nie, dink Tant Sarie. Sy moet gaan groet, maar eendag is eendag . . . Die Here slaap nie.

Langsaam kruip die spannetjie langore met die wittent-waentjie van die hoogtetjie af, en Isak, die Kaffer, se stem klink hard in die middagstilte.

Oom Rooi-Stefaans het sy baadjie oor sy skouer en sy pap hoedjie druk diep oor sy oë. Terwyl hy van die waentjie af wegdraai om sy vrou en dogter te volg, loer hy onder die rand van sy hoed deur na die lang, wit grootpad, wat voor hom teen die bult uitstreep. Vir 'n oomblik skiet 'n gedagtebeeld in hom op . . . hy sien hoe hy die dag met dieselfde lang pad gekom het, ure het hy gery, die blouende vertes agter hom gelaat, tot hy hier geland het — maar skielik sien hy weer Neef Gert se dreigende vinger, en die gebeurtenis van die môre kerf opnuut sy gemartelde gevoel stukkend. Deuskant die agterdeur van Oom Gert se huis kry hy sy vrou en dogter, en, sonder om te praat, stap die drie by die agterdeur in.

Susie kom net uit die spens en Tant Sarie sê kortaf aan haar: „Susie, roep jou ma, ons wil groet“.

Susie verdwyn en 'n oomblik daarna kom Tant Maria, gevolg deur Hannie en Susie, uit die donker spens.

'n Sterk spanning hinder vrymoedigheid tussen die persone. Net vir 'n oomblik is dit of die hele gebeurtenis hom in die ontmoeting saamtrek, toe verbreek die onnatuurlike vervreemding, en Tant Sarie sê: „Maria, ons wil net groet“.

Die vroue soen mekaar met sagte geklap en Oom Rooi-Stefans gee aan Tant Maria, Hannie en Susie die hand.

Hulle staan weer algar 'n rukkie stil. Daar buite skreeu 'n donkie asof hy treur oor sy maats wat vertrek.

Toe draai Oom Rooi-Stefans-hulle stil om en Tant Maria en haar twee dogters volg hulle stilswyend tot buitekant; toe sê Tant Maria ewe skielik: „Gert en Hansie is nou hier om te groet nie“. Die ander drie staan vir 'n rukkie en hulle voete kners op die gruis. Toe vat Tant Maria haar voorskoot na haar oë en haar kop sak. Ook Susie en Hannie huil stil. Om die hoek van die buitekamer verdwyn die drie figure.

Daar onder in die drif knal die sweep netnou en die waentjie kruip teen die hoogte uit en gaan langsaam die bult oor.

En uit die berg, oorkant die rivier, kyk Hansie van 'n hoë krans waarop hy sit, hoe die waentjie soos 'n klein stippeltjie langs die lang grootpad beweeg, tot dit in die verte verdwyn, waar die bloute van die oneindige wydte dit verswelg.

Uit „Langs die Grootpad“
(Verl. van Schaik, Pretoria)

15. P. DE V. PIENAAR (1904)

PIESANGS EN SLANGE

Dit het gebeur in Hamburg en die mense het natuurlik Duits gepraat.

Die huis in Steindamm 22 het vier verdiepings, en die vierde — 'n mens sou dit anders verwag — lyk ouer en meer berook as die eerste. Dis van die buitekant, want die trap het binnekant harder gekraak onder van al die emmers steenkool en vernielde vrouens wat bleek daarmee boontoe sukkel van die kelder af.

Dit is donker op die trap en 'n muf reuk gemeng met rooikool-geur van die eerste verdieping, spek en kool uit die tweede, gebakte aart-appels uit die derde en niks uit die vierde verdieping nie, rus op elke treetjie, omdat daar geen uitgang daarvoor is nie. Die deur van die vierde verdieping bly toe.

Maar die vierde verdieping het 'n balkon aan die agterkant, en die kombuisdeur wat daarop uitgaan, staan skugter oop. Die gasstofie brand nie en die ou oond in die hoek waarbinne met Kersfees, nog voor die oorlog, die gebraaide gans gebruik het in die vet, lyk bepaald ongesellig en verlate.

„Ja, en hoor jy die skip fluit, een, twee, drie maal, Hilde, twee kortes en 'n lange? Hy vertrek na Suid-Amerika, na Brasilië, ja.“

Sy hang aan die ysterwerk en haar kin rus op die koue reling. Net een hand is bedek en dit met 'n motgevrete wolmoffie wat warmte moet verbeel. So het sy 'n ruk gehang met verlangste na daardie fluit: na Brasilië, en die gedagtes is verder weg van die balkon en die rye en rye swart dakke wat nou toegesneeu is en soos witgekalkte grafte in die benewelde grou lyk. Regs staan swart afgeteken die lomp gevaarte van 'n watertoring, hoog bokant die huise, onverbiddelik, soos 'n middeleeuse ridder. 'n Paar skoorstene se rook verdwyn skielik in die mis wat laag oor die huise hang.

Dit het verlede nag gesneeu.

„Weer twee kortes en 'n lange.“

Die laaste se galm slinger lank nog weg met die kronkelinge van die Elbe.

„En dié gaan ook na Brasilië,“ peins sy, „waar die piesangs wild groei en die pynappels en die lemoene.“ Sy het natuurlik „Bananen,“ en „Ananas“ en „Apfelsinen“ gesê en sy het nie omgee of Hilde gehoor het of nie, want sy droom net oor die land waar die piesangs wild groei.

„En die groot, groot slange wat so blaas: eet hulle ook piesangs, hè Marie?“

Dit is die klein Hilde wat vra, ook peinsend, want sy het geluister na die rasperklanke van 'n grammofoon wat soos 'n vervaarlike slang blaas, sodat sy haar ouer suster aan die rok agter vasgegryp het.

Min van die ou melodie is daar oor, maar tog soveel om vir 'n oomblik haar die gekras te laat vergeet, soos sy daar staan met die blou oë na die venster van 'n aangrensende gebou gerig, en die vermaerde gesig een en al erns boontoe. Daar is iets so hulpeloos-verlangends in die liggaampie se houding. Sy het 'n verslete swart boestroentjie van ferweel aan en rooi wolkouse en goudgeel krulle peul onbandig langs en agter die kappie uit.

Marie kan die slange nie eers vereenselwig met die geel piesangs, heerlike pynappels en groot lemoene nie, en sy is gesteurd en ergerlik omdat oor haar drome nou die newel toegesak het en die skepe onsigbaar die Elbe uitseil na Brasilië.

„Hilde, dis onsin. Die slange woon tog net in die berge en bosse, het papa gesê, nie waar die piesangs en die lemoene“

En toe val dit haar by dat hulle nog nie geëet het nie, die hele dag, maar daar is ook niks en geen vuur nie, en rondom alles grou. Dit moet al laat agtermiddag wees. Hilde klou nog haar rok vas, krampagtig, asof die gevaar van die slange nie verdwyn het nie, in die onderbewuste bly dreig, maar die musiek het weer begin en die gesiggie wat blou van

die koue is, skou na boontoe, sonder dat dit haar byval dat hulle vandag nog niks te ete gehad het nie. Maar daar is ook niks.

„Stille Nacht, Heilige Nacht. . . .“ Die ou plaat en die ou melodie en die ou gesiggie wat so verlangend daarna lewe. Kersfees is op hande. Sy het die rye denneboompies op plankvoetstukke in die straat gesien en gewonder hoe 'n grote papa gaan koop vanjaar. Papa het nog nie daarnatoe gepraat nie en mama is in die hospitaal. Gister het sy met die steenkool op die trap immekaar gesak en die mense van die tweede verdieping het haar ingedra. Hoe bleek was mama. En papa het senuweeagtig rondgestaan en half ergerlik vir haar gevra of dit so is. Haar oë was toe. Effens het die kop geknik. Hy het uitgehardloop en die ambulans het mama weggeneem, soos verlede keer en voorverlede keer en die keer tevore. Die mense op die tweede verdieping het hul kersboom al gekoop, 'n mooie van tien mark, en die kinders het die blinkers van verlede jaar uit die laai gehaal en dit versier. Sy het self die kersies gesien, bloues en rooies en groenes en geles, mooi kersies wat hulle gaan hê!

„Hy al die skepsels se Heer!“

„Marie? Marie?“ Maar dié is weer met die kin op die traliewerk Daar het al vyf skepe vertrek — twee-kortes en een lange. Seker almal na Brasilië, waar die piesangs groei en

„Marie, gaan papa 'n 'Tannenbaum' koop, 'n grote soos dié in die tweede verdieping?“

„Onsin, Hilde, die piesangs.“ Maar sy is heeltemal nugter en sien die jonger sussie verslae na haar kyk. Sy voel skielik die verlatenheid van hulle tweetjies op die balkon, soos 'n lammetjie wat verdwaal is in die nag en stilstaan om verdrietig te blêr en dan weer verder te hardloop en te blêr. Sy is al ag en die ouderwetse blou voorskootjie het haar net so 'n moedertjie laat lyk as wat sy nou gevoel het.

„Kom Hilde,“ sê sy, en sy draai half onwillig van die traliewerk weg, „kyk, vader het nie werk nie“ — sy het „vader“ net gebruik as sy gewigtig wou praat — „en nie geld nie, en moeder is siek en daar sal geen 'Tannenbaum' gekoop word nie. Maar kom,“ sê sy, toe die verplettering te duidelik leesbaar is op Hilde se bewende gesiggie, „kom, ouma sal wel vir ons 'n gans stuur en lekker koek.“ Ouma het in Sachsen gewoon op 'n plaas, en sy onthou nog die gansedam en die hooi op die solder. Ouma was gerimpeld en het 'n rooi kopdoek gedra.

„En moeder sal 'Bratkartoffeln' maak en 'Apfelmuss' en 'Rotkohl'“ sê Hilde, wat haar leed van die 'Tannenbaum' al vergeet het, want sy is doodhonger en koud.

Daar word die trapdeur oopgedraai en iemand strompel die gang af. Hy kry hulle daar staan, Marie se hand om die nek van Hilde wat haar nog altyd styf aan die rok vasklem. Dit is sterk skemer op die

balkon. „Moeder is dood,“ snik hy moedeloos, die wesentjies toe en omhels hulle knielend, onderwyl die skemer toevou om die drie wat agterbly.

Weer twee kortes en 'n lange! Dit klink nou so veraf en onmoontlik vir die arme Marie . . . Seker na Brasilië, en sy skud van dubbele wee.

* * *

Lange jare is verby!

Een dag, dit is hoog somer en die biertuin wat sy moet verby loop, is druk besoek, kom Marie uit 'n swart gebou in St. Pauli saam met ander werksters uitgebondel. By die ingang verdruk hulle mekaar om eerste die buitelug in te asem, soos 'n klomp skape by die kraalhek uit. Marie is op die voerpunt, bleek, die vel strak oor die wangbene gespan, soos van 'n mummie, lippe styf saamgeplooi, nie soos sy haar weer om die eerste buite te wees nie, maar dit vertel van vasberadenheid van lank gelede.

Op 'n struikeldraf, van die vermoeienis van 'n nagskof, is sy die nou stegie af, vleg sy tussen die verkeer van viskarre en luidrugtige matrose deur, om gou by die kamertjie in die vierde verdieping te kom. Dit is nie die ou woning in Steindamm meer nie — soveel kon hulle nie bekostig nie — en daar is die „nervenkrank“ vader wat nie meer kan werk nie, soos so baie vaders wat aan die Wêreldoorlog deelgeneem het; en daar is Hilde, die klein Hilde, wat innertyd so verlangend geluister het na „Stille Nacht, Heilige Nacht,“ wat haar grootste sorg is en om wie sy nou koorsagtig haas huis-toe. Haar oë skitter soos dié van iemand wat 'n ideaal bereik het.

'n Skreeu, 'n skielike gekras van remme, 'n vragmotorbestuurder wat vloek. Sy steur haar maar min daaraan, val-hardloop die nou trap op en vind Hilde. Dié sit hande om die knieë geslaan op 'n ou koffer en luister na blikkerige grammofonengeluide. Sy het nog dieselfde blou droom-oë van vroeër, net hulle is verdrietiger as tevore en die geel krulle bandeloser.

Sy het die ouer suster, „die moedertjie,“ nie hoor inkom nie en toe dié praat, skrik sy, want sy wou haar nie laat sien het nie, om haar ontwil. Sy moet bly wees. Sy gaan na die land waar die piesangs groei, na Brasilië — twee kortes en 'n lange — en sy hoor net hoe rou dit fluit op die Elbe.

En „moedertjie“ het dit bewerkstellig. Dit was haar ideaal om Hilde, haar liefste sussie soheentoe te stuur, waar sy gelukkig kan wees. Dit het baie harde werk en laat ure en nagskofte gekos om soveel te bespaar dat sy kon gaan, en sy is haar suster dankbaar en moet nou bly wees . . . maar reeds is daar heimwee in die hart.

„Hilde?“

Hilde spring op, gee haar 'n soen en bars in trane uit.

„Kom, kom,“ sê Marie, want sy het al genoeg trane in haar lewetjies gesien.

„Jy is tog bly, is jy nie? Het jy nie die verlangste saam met my van kleins-af gekoester nie. O, maar ek vergeet,“ en sy lag geforseerd, „jy was mos bang vir die slange wat so blaas!“

Sy gaan by die venster staan en sien die Elbe se kappelblinking tussen 'n ligte waas deur. Daar lê hy, die stoomboot Cap Arcona, waarmee Hilde vanmiddag vertrek na Rio de Janeiro, na Brasilië. 'n Land van sonskyn, wilde natuurprag, onbesoedelde skoonheid en piesangs en lemoene! Voor haar, links, gluur 'n swaar-swart gebou, en sy gril

„Waarom het jy nie self gegaan nie,“ kom sagverwytend van Hilde se kant. „Waarom ék? Dis tog jou geld en jou ideaal . . .“

„Stil Hilde,“ vermaan sy streng — sy was gewoon om moederlik op te tree — „moeder is dood en ek het agtergebly om vir jou en vader te sorg. Jy is voor gesorg; dit was my ambisie dat jy moet gaan waar ek heen wou, en vader is nog hier. Wees dankbaar, Hilde, dat jy die voorreg het om nie 'n fabriekswerkster te wees nie.“

„O, liewe landjie, nee, dit tog nie,“ weer Hilde af en sy spring op, pak Marie om die lyf en skud haar heimwee ver van haar af. Dit het Marie se hart dankbaar gestem.

„Hhhaaat! Hhhaaat! Hhhhhhaaaaaaat! Hhaat! Hhhhhhaaaaaaat!“

'n Hele koor van sleepbootjies, vragkepe en reuse-leviatans hiet en huut en hoet om die Cap Arcona dag te sê by haar uitreis na Suid-Amerika. Op die kaai staan Marie met 'n „nervenkrank“-vader wat op haar arm leun. Die skroef gee 'n paar draaie en karring die water dat dit skuim en met geweld teen die kaaiwal klots.

Daar trek dit! „Dag Hilde! Dag my kind!“ 'n Paar trane van voldoening! 'n Klein bietjie kleur, soos dié van somersonlig op die anders verbleekte gesig van Marie.

„Oppas vir slange!“ sê die vader ernstig, maar Marie skree onderwyl sy saam met die skip die kaai afhardloop: „Dink aan ons in die land van die piesangs en pynappels en lemoene!“

Hilde het op die agterstewen gestaan en met beklemming gesien hoe die swart watertoring, wat hulle altyd so gehaat het, stadig tussen die mis en in die verskiet verdwyn. En met vrees gewaar sy hoe, al waar die skip langs geseil het, 'n reusesleepsel hulle volg.

* * *

„Arme Marie, met die afgesloofde gesig, hoe min het jy geweet dat jou land van piesangs en lemoene 'n slangenland is, 'n hel waarin die afgryslike ongediertes gedurig met geel-groen oë en gevurkte tonge om jou spook, om jou eindelik te hipnotiseer, jou vas te draai, te verswelg! Nee, jy sal dit nie weet nie! Lewe voort in jou Brasilië van drome . . .“

„Vader ek het jou waarskuwing gehoor; ek het probeer oppas, maar hulle was 'n mag der menigte uitgehongerde en ek was 'n arme, bepiepte klein Hilde Nou weet jy Hilde dat slange ook piesangs eet.“

Sy rus met die arms op die drinktoonbank en wou net insluimer van pure vermoeienis, toe 'n draaiorrel veraf in die straat begin speel. Op die wind word die klanke na haar gedra, soet soos die geur van „Tannenduft“ onderkant die wind. Dis asof dit uit 'n ver verlede, uit 'n naburige verdieping na haar aangewaaï kom, want dit is „Stille Nacht, Heilige Nacht.“

„Êrens is dit seker Kersfees,“ dink sy. „Sou hulle 'n groot kersboom hê“ en sluimer so in.

* * *

Voor 'n soldervenster in St. Pauli staan Marie. Dis twaalfuur. Die klokke verkondig die lofsang: „Vrede op aarde, God het in die mense 'n welbehag.“ Sy hoor dit skaars.

Tussendeur kom 'n gekraak van ysblokke in die Elbe. Twee kortes en 'n lange seker na Brasilië

Uit „Die Huisgenoot”
